



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 JANUARIE 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskoning ontvang vanaf die Speaker, rdh M Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 DESEMBER 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Desember 2022 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die regstelling van die aantal projekte na agt (in plaas van vyf) onder item 3.1 wat ingeskryf is vir die *Service Excellence Awards*-kompetisie.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen.

6. MAANDVERSLAG: NOVEMBER 2022

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die maandverslag vir November 2022 van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste word deur die voorsitter ter tafel gelê en word die volgende punte deur rdh T van Essen uitgewys:

- (1) Die tekort aan chloorgas wat tot gevolg gehad het dat *faecal coli*-organismes per 100ml meer was as die toegelate standaard by sommige rioolsuiweringswerke;
- (2) Die versoek dat waterbesparingmaatreëls oorweeg moet word, gegewe die vlak van die Voëlveidam en maatreëls wat reeds deur Stad Kaapstad ingestel is;
- (3) Styging in rioolpompings met gepaardgaande effek op kapasiteit, m.v.n Darling rioolsuiweringswerke, voertuie en diesel vir toekomstige beplanning – veral op Yzerfontein, moontlik a.g.v. die feesseisoen;
- (4) Die kommer dat al hoe meer kapasiteit aangewend word om onwettige rommelstrooi op te ruim teenoor kapasiteit benodig vir weeklikse vullisverwyderingsdiens.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar grond beskikbaar gemaak sal moet word vir 'n rioolsuiweringsaanleg op Yzerfontein.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van November 2022.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, op versoek van die voorsitter, behandel die maandverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste en die volgende word uitgelig:

- (1) Afname in elektrisiteitsverbruik in Moorreesburg is 26% teenoor 'n gemiddelde afname van 7% in ander gebiede en sal verdere ondersoek ingestel word;
- (2) In Yzerfontein is die maksimum aanvraag van 3,9 kVA oorskry na 4,285 kVA. 'n Boete kan gehef word as die maksimum aanvraag meer as 3 keer oorskry word. 'n Ondersoek sal gedoen word om vas te stel of die oorskryding veroorsaak is deur die verhoogde gebruik tydens die feesseisoen of beurtkrag;
- (3) Daar is by Eskom aansoek gedoen om die maksimum aanvraag vir Yzerfontein en Darling te verhoog na 6,2 kVA.
- (4) Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond tot ander inisiatiewe, onder andere, onderhandelinge met Eskom om van Telkom se maksimum aanvraag te bekom, aangesien lg. nie die volle toekenning gebruik nie en die aansoek wat gedoen is om vrystelling van beurtkrag vir Malmesbury Rioolsuiweringswerke en ook, onder andere namens SASKO/PepsiCo, wat op dieselfde lyn is op voorwaarde dat die las met 10-20% gedurende beurtkrag op die lyn verlaag moet word. SASKO/PepsiCo het aansoek by NERSA gedoen om hul produk as 'n essensiële produk te registreer om sodoende vrystelling van beurtkrag te bekom.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem, op navraag van rdh T van Essen, dat die effek van beurtkrag nie beduidend is op die munisipale rekening van huishoudings nie, aangesien lg. normale huishoudelike take dan op ander tye verrig, maar dat die effek waarneembaar is op rekening van besighede/industrieë.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van November 2022.

6.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gee agtergrond tot die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte en bevestig dat –

- (1) 395 huise in totaal teen Januarie 2023 oorhandig sal wees in die De Hoop-behuisingsprojek;
- (2) Die amptelike terreinoorhandiging vir die konstruksie van GAP behuising in Darling geskeduleer is vir 26 Januarie 2023 om 14:00.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat opdrag aan die diensverskaffer gegee is om die bouplan-aansoekproses uit te brei om voorsiening te maak vir statistieke t.o.v. die aantal bouplanne wat teruggestuur word vir wysiging en kennisgewing, ingesluit aan die eienaar, in hierdie verband.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van November 2022.

6.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Beskermingsdienste ten opsigte van November 2022.

7. NUWE SAKE

7.1 BEGROTINGBEHEERKOMITEE 2022/2023: HALF-JAARLIKSE AANSUIWERING-KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/1/4)

Die halfjaarlikse aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting is deur die Begrotings-beheerkomitee gehou op 12 Januarie 2023 oorweeg ten einde tegniese aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê en derhalwe word –

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 26 Januarie 2023)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motiverings van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat die Raad kennis neem van die voorgestelde aanpassing (wat verband hou met artikel 19) ten opsigte van die Waste Water Treatment Works: Moorreesburg en Resealing of Swartland Roads (**Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19**);
- (c) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2022/2023 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

Tabel/...

7.1/...

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2022/23	Aanpassings	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25
Kapitaalebegroting	191 095 805	167 894 804	(23 201 001)	195 834 903	165 690 722
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	(3 755 863)	1 061 375 491	1 139 864 061
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 087 072 579	(6 911 382)	1 123 993 179	1 174 158 797
Begrote (Surplus)/ Tekort	(64 652 106)	(61 496 587)	3 155 519	(62 617 688)	(34 294 736)
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	77 109 000	67 945 510	(9 163 490)	73 351 000	35 935 000
(Surplus)/ Tekort	12 456 894	6 448 923	(6 007 971)	10 733 312	1 640 264

- (d) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n afname in die begrote netto tekort van R12 456 894 na 'n begrote netto tekort van R6 448 923;
- (e) Dat die ongemagtigde uitgawe van R11 717 297 vir die 2021/2022 finansiële jaar gemagtig word as deel van die aansuiweringsbegroting in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2022/23 – 2024/25)**;
- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

7.2 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS VIR 2022/2023 (2/4/2)

Die KPI's en teikens vir 2022/2023 is gedurende Mei 2022 deur die Raad goedgekeur. Na afloop van die eerste semester van die 2022/2023 finansiële jaar en hersiening van die KPI's en teikens is dit nodig om wysigings aan te bring.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die teikens van –

- (1) die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste onder die prestasiedoelwit: "General KPI: Access to water, sanitation and refuse removal" as volg aangepas word:
 - Water – 21224 (i.p.v. 13 037)
 - Riool – 21224 (i.p.v. 11 455)
 - Vullis – 22112 (i.p.v. 12 866)
- (2) die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste onder die prestasiedoelwit: "General KPI: Access to electricity (excluding Eskom-areas)" as volg aangepas word:
 - 19127 (i.p.v. 20 660)

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die gewysigde sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2022 (terugwerkend).

7.3 EERSTE KONSEP WYSIGING AAN DIE SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK 2023-2028 (15/1/4/1)

Die firma, CK Rumboll en Vennote, is aangestel om die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) te wysig om, onder andere, in lyn te bring met nasionale-, provinsiale wetgewing en die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning.

Die doel van die ROR is om die nodige riglyn binne wetgewende raamwerke te voorsien om ruimtelike ontwikkeling in die munisipale area op 'n volhoubare en aanvaarbare wyse te laat plaasvind.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Januarie 2023)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die eerste konsep wysiging aan die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2023-2028;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die publisering van die eerste konsep wysiging aan die ROR vir publieke kommentaar/insette in terme van artikel 7(1)(b) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning;
- (c) Dat die eerste konsep wysiging aan die ROR aan die Provinsiale Minister vir insette/kommentaar voorsien word;
- (d) Dat die tydperk vir insette/kommentaar gedurende Februarie en Maart 2023 sal wees met opedae in die meerderheid van dorpe in die Swartland munisipale area soos aangedui op die aangehegte skedule.

7.4 HUUR VAN AKKOMMODASIE VIR DIE BRANDWEERDIENSTE TE DARLING (12/1/2-3)

Die kantoorakkommodasie wat tans op Darling gebruik word om die uitgebreide brandweerdienst te huisves is onvoldoende.

'n Publieke deelnameproses is gevolg om aanbiedinge te bekom vir die huur van geskikte akkommodasie op Darling en twee tenders is ontvang.

Die tender ontvang vanaf JF & KJ Kirsten Trust vir die huur van eiendom geleë op Erf 478, Tulbaghstraat 7, Darling voldoen aan al die spesifikasies en vereistes om die brandweerfunksie te huisves.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die aanbod van JF & KJ Kirsten Trust vir die huur van akkommodasie vir die Brandweerdienste in Darling as volg aanvaar word:
 - (i) vanaf 1 Februarie 2023 tot 30 Junie 2023 die huurbedrag van R8 500.00 per maand plus 'n eenmalige deposito van R15 000.00 wat terugbetaalbaar is – uitgesluit munisipale dienste (elektrisiteit, water en riool);
 - (ii) vanaf 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 die huurbedrag van R8 500.00 per maand plus die inflasiekoers soos op 30 Junie 2023 plus 1%;
 - (iii) vanaf 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025 die huurbedrag betaal gedurende die voorafgaande periode plus die inflasiekoers soos op 30 Junie 2024 plus 1%;
- (b) Dat 'n huurooreenkoms met JF & KJ Kirsten Trust vir die periode 1 Februarie 2023 tot 30 Junie 2025 aangegaan word met die opsie om die huurooreenkoms te hernu;
- (c) Dat die uitgawe teen posnommer 9/232-954-2932 (Huur van Kantore: Brandweerdienste) verreken word.

7.5 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die betaalsyfer meer as 100% is, wat 'n aanduiding is dat die Raad se skuld onder beheer is.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Desember 2022.

7.6 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Desember 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.7 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER 2022 – 31 DESEMBER 2022 (8/1/B/2)

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Oktober 2022 tot 31 Desember 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid vir die periode 1 Oktober 2022 tot 31 Desember 2022, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: SKADE AAN RIEBEEK TAFELDRIWEBLOK, ASSESSERINGSVERSLAG (8/1/B/2)

'n Eis is ontvang vanaf die eienaars van Plaas RE/15, Riebeek Kasteel vir skade aan tafeldruiwe-oes en verlies aan inkomste weens die gebruik van onkruidodder deur Swartland Munisipaliteit by die Riebeek Kasteel rioolsuiweringswerke aangrensend tot vermelde plaas.

Die Munisipaliteit het bevestiging vanaf die Departement van Landbou verkry dat die onkruidodder wel die tafeldruiwe-oes beskadig het en het Ig. die Munisipaliteit geadviseer om 'n kundige aan te stel om die omvang van die skade en verlies aan inkomste te bepaal.

7.8/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die waarnemende Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die opstel van 'n gedetailleerde assesseringsverslag deur *Optimal* Agricultural Business Systems ten bedrae van R46 000.00 (BTW ingesluit) om die skade en verlies aan inkomste te bepaal;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die omstandighede op die terrein het vinnig verander m.v.n. die spesifieke tyd van die seisoen;
 - (ii) om die normale proses te volg sou die uitslag van die assesseringsverslag drasties beïnvloed het;
 - (iii) die afhandeling van die gedetailleerde assesseringsverslag is as 'n noodgeval hanteer, gegewe die risiko van litigasie en skadevergoeding deur die eienaar;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R46 000.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/201-629-1065 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER